# KAMMANUUS

No533
JULIE 2026



word versprei deur www.onsdorp.com




Hallo hier uit n sonnige (raar) Onrusrivier Noord waar dit moeilik is om te glo dat hulle einde van die jaar 'n super El Niño voorspe!

Carte Blanche seg daar gaan hittegolwe kom wat ons damme gaan braak laat lê! Dit reën omtrent elke tweede dag hier en dan hou dit vir drie dae lank aan. Maar genoeg oor die weer, kom ek deel bietjie goeie nuus van my kant af.

UITEINDELIK is my boek oor ek en Kamermaatjie se reise en ondervindings op drie kontinente, by die drukkers!

Ek kan vir eers net 'n beperkte oplaag druk, so indien jy graag voor in die ry wil staan vir 'n *getekende* eksemplaar, laat my maar gou weet!

Hom naam is ***Memoires van 'n Gatkruiper***.

Dit is ook in Engels beskibaar onder die titel: **Adventures of a Tunnel Rat.**

Hulle kos 'n skamele R360 elk sonder posgeld, maar vir my Kammanuus lesers, gee ek 'n hele **R100 af** vir die eerste 10 van julle wat bestel.


Besoek gerus my webwerf by www.onsdorp.com/gatkruiper om jou bestelling daar te plaas. Of as jy sukkel daarmee, stuur n e-pos na Kammanuus@gmail.com . s

Sien ook later hier onder hoe die boek se voorblad lyk.

*Groete, Hennie en Annabelle*




# GREY SE PAS, TOE PIQUINIERSKLOOFPAS EN TOE PIEKENIERSKLOOFPAS




**G**rey se Pas, nou bekend as Piekenierskloofpas, geleë tussen Piketberg en Citrusdal sowat 150 kilometer noord van Kaapstad op die pad na Namibië — is die belangrikste oorsteek van die versperring wat deur die Olifantsrivier-bergketting gevorm word. Die pad kruis die berge op 'n hoogte van 520 meter bo seevlak en vorm 'n belangrike skakel tussen die Wes-Kaap en die landbou- en mineraalryke gebiede in die noorde. Dis al vir eeue die geval. So ver terug as 1660 is dit al bekend as 'n ruiterpad deur die berge.

Grey se Pas is in 1858 geopen, en die moderne Piekenierskloofpas, eers ‘n eeu later in 1958. Maar waar kom die name vandaan? Blykbaar het 'n kontingent piekdragters (piquiniers) in 1675 die berge hier oorgesteek in die agtervolging van 'n groep Khoi: natuurlik het hulle nie hul vinnige prooi gevang nie.
Hierdie pas deur Thomas Bain, is eers vernoem na Sir George Grey, goewerneur van die Kaapkolonie van 1854 tot 1859. Na voltooiing van die huidige pas het die ouer naam herleef, maar met die spelling opgedateer. Die verhale van die verkenningsekspedisies wat oor of om die

Olifantsrivierberge getrek het, in hul aanvanklike pogings om die Khoi-beestroppe te vind sodat hulle vleis kon ruil vir die skepe wat by Tafelbaai aangedoen het, en hul daaropvolgende stryd om by die Namaqualand-koper uit te kom is heeltemal boeiend. Jan Dankaert het die eerste ekspedisie in 1660 gelei. Hy was gelukkig dat die plaaslike mense vir hom 'n roete gewys het waardeur hy die top kon bereik, en aan die ander kant afgedaal het. Ander ekspedisies het in sy voetspore gevolg, en in 1662 het Pieter Cruythoff die eerste ekspedisie gelei wat ook 'n wa ingesluit het.

## Die het hulle begrawe...

Hulle moes egter die wa se goedere aflaai en dit teen die pas op sleep (hulle het net ses osse gehad), dit herlaai om die plato oor te steek, en toe weer afgelaai om dit aan die ander kant af te kry, weer met al hul goedere en besittings nie op die wa nie. Toe hulle die vallei bereik, het hulle die rivierbosse so dig gevind dat hulle sonder die wa verder moes gaan. Dié het hulle begrawe en het die osse as pakdiere gebruik. Met hul terugkeer het hulle nie gestop om die wa op te tel nie. Hulle kon waarskynlik nie die gedagte van al daardie gesleep berg op hanteer nie.
Sersant de la Guerre het 'n soortgelyke ervaring in 1663 gehad, met die bykomende frustrasie dat toe sy groep teruggekeer het om hul begrawe wa uit te grawe, het hulle gevind het dat die plaaslike Khoi dit verbrand het om die ysterdele te kry. Dit was as 'n direkte gevolg van die groot moeite om berge, en selfs heuwels, met waens oor te steek, dat die besoekende Kommissaris Ryklof van Goens in 1682 toepaslike instruksies uitgereik het. In die toekoms moes alle waens so gebou word dat hulle uitmekaar gehaal en oor die berge vervoer kon word op die rûe van die arme osse. 'n Regtig briljante edik, wat die moontlike omvang van verkennings- en handelsekspedisies aansienlik uitgebrei het. Baie groepe het toe hierdie berge in die daaropvolgende jare oorgesteek.



*Piekenierskloof pas in die ou dae*




## SLOT


In Stuttgardt het ons by vriende gekuier vir 4 dae en was baie goed onthaal, Ons het selfs gaan swem by 'n plek wat ook baie ongewoon was. Mense kon op grasperke lê en die plek was omtrent gepak met mense. Daar was seker 4 of 5 swembaddens en elke swembad het 'n ander temperatuur gehad.
Die mense se huis was ook baie besonders en baie groot. Die huis het omtrent die hele tuin vol gestaan. Dit is in 'n voorstad wat baie duur is. Daar betaal jy vir 'n woonstel van 70 vkm sommer 20 miljoen rand. Verskriklik duur. Hierdie huis van hulle was op 3 vlakke en enorm. Maar wat vir my 'n riem onder die hart is, is dat hulle elke jaar na ons toe kom in Stellenbosch vir 1 maand. Ons het gastewoonstelle in Stellenbosch.

## Die verkeer in Stellenbosch is horribaal

Ek kan nie eintlik stap nie dus is fietsry die ander alternatief. Ek geniet dit baie. Ek sien plekke waar karre nie kan kom nie. Daar is duisende roetes wat jy oor die hele Europa kan doen. Ons is gelukkig om 'n vaste adres in Europa te hê en gaan elke jaar na daar. Ons deel 'n huis met 'n broer van my man wat hul elk 50% besit.
Ek het ook intussen vir my 'n e-bike aangeskaf en gaan gereeld daarmee ry. Die verkeer in Stellenbosch is horribaal. Maar met 'n fiets kan jy op 'n sypaadjie ry en al die verkeer verbysteek. Ek kan so 'n bietjie vinniger as 25kmpu ry. Hier is baie bulte. Die fiets was nie so duur nie (minder as R50,000). Ek het spesifiek na so 'n fiets gesoek en my kinders het 'n website gevind waar ek kan uitvind oor fietse. Daar was om die waarheid te sê omtrent 10 verskillende webtuiste waaruit ek kon kies. Ek het met al die plekke kontak gemaak maar niemand het geantwoord nie totdat ek by die laaste een gekom het. Dit was in Century city genoem Chilled Squirrel. Daar het ek 'n fiets gevind waar jy elegant op jou fiets kan klim. Dit is 'n step thru. 'n Mens moet maar leer om op so 'n fiets te ry. Ek is soms nog 'n bietjie bang want het al 2x met die fiets geval. Maar dit was nie te erg nie. Net bloukolle oorgehou. Dis maar belangrik om 'n helmet te dra. Meeste ongelukke wat bv in Europa gebeur is met fietse en baie mense het gebreekte bene. Maar dit kon met enige fiets gebeur. Daar is enorm baie fietse in Europa. Hier is daar darem nog nie so baie nie. *Elsbeth Verhoeven*

# Hoërskool-‘reünie’

Het jy al ooit, wanneer jy na iemand van jou eie ouderdom kyk gedink: “Sekerlik kan ek nie só oud lyk nie?” My naam is Hennie en ek het in die wagkamer gesit vir my eerste afspraak by ’n nuwe tandarts. Haar graad het teen die muur gehang. Toe ek haar volle name sien, skrik ek.




Skielik het ek ’n lang, aantreklike blonde meisie met dieselfde naam onthou wat meer as vyftig jaar gelede saam met my op hoërskool was. Kon dit dieselfde meisie wees op wie ek destyds in die geheim verlief was?

Toe ek haar sien, het ek egter vinnig daardie gedagte laat vaar. Hierdie stokou tannie met die diepgegroefde gesig was veels te oud om my klasmaat te kon wees.

Nadat sy my tande ondersoek het, vra ek haar toe of sy in hoërskool Jan Van Riebeeck was.

“Ja, ja, ek was!” het sy trots geglimlag.


“Wanneer het jy gematrikuleer?” vra ek.

Sy antwoord: “In 1969. Hoekom vra jy?”

“Jy was in my klas!” roep ek uit.

Sy kyk my stip dog vraend aan. Toe vra daardie ou, vaal, verrimpelde, afgeleefde vrou my:

“Watter vak het jy gegee?




Dis tyd dat ons weer Kammanuus bietjie aanwend om mense te help familie uitlê!

My webwerf www.onsdorp.com het alreeds vreeslik baie vanne. Van hulle is al baie jare daar. Party kan gerus herbesoek word om op te dateer. Veral waar meer inligting na vore getree het. Hier volg so ‘n briefie wat ek onlangs van Jeanné Erasmus ontvang het:

## ROESTORF

Hallo Hennie, plaas asseblief die volgende onder die van ROESTORF**:**
Christiaan Roosdorff was in diens geneem as Soldaat deur die VOC op 7 Desember 1756. '
n Aantekening is gemaak op die kontrak dat hy afkomstig was van Vrijwald. Aan boord van die skip Stadwijk vertrek hy op dieselfde dag na Batavia.

Hy keer terug na Nederland op die skip Kattendijke en bedank op 20 Julie 1762. Hy duik daarna op in die Dutch Cape Colony waar hy 'n werkskontrak onderteken in 1766 as 'n boerkneg. In 1771 word 'n tweede kontrak geteken as boerkneg. Christiaan knoop 'n verhouding aan met Elsje Smit van die Kaap en 5 kinders word gebôre uit die verhouding. Ek het nog geen bewyse gevind dat 'n huwelik plaasgevind het tussen Christiaan en Elsje nie.

Met die geslagte wat gevolg het van hul oudste seun Christiaan Johannes Roerstorf, is die van aangeteken in rekords later van tyd as Roestorf, Roesstorff asook Roestof. Die verskillende variasies spruit egter uit dieselfde voorvader. Ongeletterdheid asook die verskillende tale in die area kon 'n rol gespeel het in die variasies van die spelling.

Afstammelinge is welkom om Jeanné Erasmus te kontak familytree.roestorf@gmail.com sodat ons kan vasstel waar hulle inpas op die familieboom en/of dalk ontdek ons nuwe vertakkings.



Groete, Jeanné

# BEPERKTE UITGAWE



# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,

Hiermee die volgende 3 blommetjies vanuit ons St Helenabaai kontrei.



Die eerste een is die "**Arctotis hirsota**" of soos in die volksmond beter bekend as die **Gousblom**. Dit is n jaarplant met vertakte stingel. Die blare is bedek met stywe hare, en is ingekeep langs die rande. Die blomhofies is groot, op stele met growwe rooierige hare. Hulle blomtyd is Julie tot Oktober, en kom langs die Weskus in veral sanderige grond voor.



Ons tweede blom is die "**Diascia diffusa**" of beter bekend as die **Eenoog horingkie**. Dit is n lae eenjarige plant. Blare is breed met stomp tande. Die blomme is op lang stele en rooipers met twee geel sakkies en n geel knop in die middel. Dit is n pragtige klein treffende blommetjie wat vanaf Piketberg tot die skiereiland aangetref word;



Die derde blom is die "**Gorteria personata",** of in die volksnaam, **Klitskruid**. Dit is n growwe jaarplant wat by die grond vertak, die stingels spreidend en stekelrig. Die blomme kom een een aan die punte van die takkies voor, met skutblare wat n doringrige punt het. Hulle blom in Augustus tot Oktober en kom in sanderige gelyktes vanaf Nieuwoudville tot Humansdorp voor.

***Groete Derek***

# RAAI RAAI RIEPA


**Lekker maklike een die maand:**

Jy het drie emmers waarvan net die 10 liter een vol water is.


Hoe gaan jy die water sonder ander hulpmiddels, presies in die helfte deel in net 5 stappe?




***Die antwoord heel agter,nog agter agteros!***






Bestel via webwerf [www.onsdorp.com/gatkruiper](www.onsdorp.com/gatkruiper) of stuur n e-pos na: kammanuus@gmail.com






## SPAGHETTI BOLOGNESE

Liewe Lesers, ons ken almal daardie dae wanneer jy moeg van n hele dag se inkopies en rondhol in winkels tuis kom en almal kyk na jou met oë wat vra: het Ma darem vir ons iets lekkers saamgebring om te eet? !

Hierdie maklike en geurige Spaghetti Bolognese-resep is perfek vir 'n vinnige, hartlike aandete. Dit neem ongeveer 30-45 minute om te maak en is ideaal vir die hele gesin.

**Bestanddele: Vir die sous:**

15ml (1 e) olyfolie of kookolie
1 ui, fyngekap
2 knoffelhuisies, gekneus
500g beesmaalvleis
1 blik (400g) gekapte tamaties
2 e tamatiepasta
1 blokkie beesvleisaftreksel (opgelos in 200ml kookwater)
5ml (1 t) gemengde kruie (of origanum)
15ml (1 e) Worcestersous
5ml (1 t) suiker (om die suur van die tamatie te breek)
Sout en swartpeper na smaak

**Vir die pasta:**
500g spaghetti
Gerasperde kaas (Cheddar of parmesaan) vir voorsit

**Metodes**

**1. Die Sous**

Verhit die olie in 'n groot pan en braai die ui en knoffel oor matige hitte vir sowat 3-4 minute tot sag.
Voeg die maalvleis by en braai tot dit bruin is. Druk die klonte fyn met 'n vurk terwyl dit braai.

Roer die tamatiepasta en gemengde kruie by en laat dit vir 'n minuut braai.
Voeg die blik tamaties, aftreksel, Worcestersous en suiker by. Geur met sout en peper.

Verlaag die hitte, bedek en laat die sous vir ongeveer 20-25 minute prut terwyl jy af en toe roer, totdat dit 'n lekker dik sous vorm.

**2. Die Pasta**

Kook die spaghetti in 'n groot kastrol met soutwater volgens die pakkie se aanwysings (gewoonlik sowat 8-10 minute) tot al dente. Dreineer die pasta goed.

Meng die gedreineerde spaghetti direk by die vleissous in die pan sodat die geure intrek, of skep die sous bo-op porsies spaghetti in borde. Rond af met 'n lekker handvol gerasperde kaas. Voila!!

Tot volgende keer!

*Retha*



# AGTEROS

*Net voor uitspantyd*




## HOOG MOEILIKHEID MET DIE HOOGENBOEZEMS

My heilige boom het ek toe verlede Saterdag, met 'n seer hart, laat afsaag. Ek het die dooie stuk stomp nou skuins lê gemaak, as versiering/aantyging, teen my grensmuur. Ja, glo dit as jy wil. Ek en buurman het elkeen ons eie muur aan weerskante van ons piepklein erwe se grenslyn...



Goeie buurmanskap het my net weer laat besef dat ek dalk nie in 'n aftree-oord sal deug nie.

Dit is nou al 'n hele paar jaar gelede dat Manlief ons name by 'n aftree-oord op die waglys gesit het en deesdae kry ek gereëld 'n oproep van hulle af, wanneer daar 'n eenheid beskikbaar is. Vriende en familie wie alreeds daar woon, kan nie verstaan hoekom ek so halsstarrig weier om ook by die paradys in te trek nie. Dan hou ek maar weer 'n arme hond voor.

Troeteldiere word mos nie daar toegelaat nie en ek gaan my ook nie laat voorskryf deur 'n komitee nie. Of, so sê ek...

## As sy praat dan luister jy.

Dan is daar nog ons vorige bure, die Hoogenboezems wat nou ook by die aftree-oord woon. Dis nie hulle regte naam nie. Manlief het hulle so vernoem. Neelsie die Sagmoedige en Mev. Hoogenboezem, 'n fors om mee rekening te hou. As sy praat dan luister jy. Sy dien op al wat 'n komitee is en sy is ook die sameroepster van die Vonkelvroue. Ek vonkel nie. Die Vonkelvroue se komitee ook nie eintlik nie, maar hulle klap graag hande vir mekaar.

So kry ek toe weer 'n opdrag van Mev. Hoogenboezem. Alles is klaar gereël. Ek moet twee ander dames en dan vir haar kom oplaai vir 'n byeenkoms in die kerksaal. Sommer

dadelik ook, want die komiteelede moet vroeg, teen sesuur al daar wees. Ek los alles netso en laat spaander. Net om uit te vind die oefening is eintlik sodat ons Mnr.Hoogenboezem se nuwe, seker nog vlekvrye ook, staal knie kan kom bewonder. Mev.Hoogenboezem verwelkom ons doodluiters. Nou is daar geen beduidenis van haas nie en ons moet opsluit eers inkom. En net daar sit ek mos weer met my voet in my mond.

Mnr. Hoogenboezem lê toe nie op die rusbank waar sy hom gelos het nie. Hy kom kaalbolyf agter die bank verby gehink en in die badkamer spoel daar water. Mev. Hoogenboezem gryp vervaard sommer na die parfuum in haar handsak en spuit tjierts, tjierts so 'n paar draaie in die lug rond.

Kans om sy knie te bekyk, is daar blykbaar nou nie. Toe ek ook nog sê ek hoop Mnr. Hoogenboezem het darem sy broek aan, bondel sy ons ergerlik by die deur uit en terug in my motorkar in.

Intussen bel Manlief om te hoor of ek darem die hond kos gegee het, want sy lyk ook vir hom honger. Nodeloos om te sê, by die kerksaal is ek terstond deur Mev. Hoogenboezem, in die kombuis, op tee en skottelgoed diens gesit.

So is my vonkel vir 'n aftree-oord ook, na die ondervinding, terdeë geblus.

*Groete, Leonora*

## Raai Raai Riepa se oplossing:

